

24 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 6:1-10

Fokusgedeelte: Galasiërs 6:2

Dra mekaar se laste

Ons natuurlike neiging is om aan ander dieselfde te doen as wat hulle aan ons doen. As iemand aan my goed doen, dan is ek bereid om iets goeds vir hom terug te doen. Maar as iemand my kwaad aandoen, vergeld ek kwaad met kwaad. Ons is ook geneig om iemand wat in een of ander sonde geval het, te veroordeel. Nog erger, ons is geneig om te dink ons is beter! Aan hierdie sondige neigings moet ons nie toegee nie. Die Heilige Gees leer ons om nie toe te gee aan ons natuurlike geaardheid om altyd te vergeld nie. Hy stel ons in staat om ons gedrag deur die wil van die Here te laat bepaal. Die Here het ons vrygekoop van liefdeloosheid, selfsug en vergelding. Die Heilige Gees leer ons ook om nie onself in eiegeregtigheid bo ander te verhef nie. Nee, ons beseft dat ons die verantwoordelikheid het om ons medemens met liefde te bedien. Ons moet aan almal goed doen, veral aan medegelowiges. Ons het mekaar immers nodig, want ons is swak en die verleiding van die duivel is gevaarlik en vals. God wil jou gebruik om medegelowiges met sagmoedigheid reg te help. Net so wil Hy ander gebruik om jou by te staan waar jy swak is en faal. God het ons vrygekoop uit die mag van die duivel, sodat ons instrumente in sy hand kan wees. Daarom moet ons mekaar in liefde dien. As God se instrumente wil Hy ons gebruik om sy liefde aan mense te bewys. Jesus het immers gesê: "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is" (Johannes 13:35). So wil God ons staande hou in ons aardse stryd. Eendag, in volle heerlijkheid, sal daar 'n einde kom aan hierdie swakhede en verleiding.

Sing: Skrifberyming 21:4-6

Prof FP Viljoen (Potchefstroom)